# Asemrowende landskappe


"Vestrahorn Sunset" deur Francois Roux.

VANDERBIJLPARK. - Asemrowende landskapfoto's is tydens Augustus by die Vanderbijlpakse Fotografiese Vereniging opgedis en die beoordelaars moes kopkrap om die wenfoto's aan te wys.

Dit was uiteindelik Platinum-meesterfotograaf Francois Roux wat met die wenfoto "Vestrahorn sunset" kon spog. Hierdie foto was ook die senior-wenfoto van die aand.

Francois vertel dat hy in Ysland gaan foto's neem het en ure moes wag om dié perfekte foto om middernag te kon neem. Behalwe vir die tema-afdeling, is daar ook wenners in ander afdelings aangewys.


In die monochroom-afdeling is senior-fotograaf Brenda Karsten se "Teenage girl" die wenfoto, en in die saamgestelde-afdeling (composites) is Dricky Gouws se "Music is a way of living" die wenner.

In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word is Brenda Karsten se "The struggle for the homeless" die wenner in die senior-afdeling, en in die junior-afdeling (1 tot 3 Sterre) is "Miracle" van Rosie de Jager die wenfoto. Rosie se foto was ook die junior-wenfoto van die aand. Die klublede mag ook elke een foto aanlyn inskryf. Dieselfde beoordelaars evalueer die foto's. Die aanlynwenner is Francois Roux se "Polocrosse". Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa). Daar is sowat 70 fotografieklubs landwyd met 1 700 geaffilieerde lede. PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf. Wenfoto's en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za besigtig word. Die klub kom maandeliks byeen op die Vaal-kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium, Vanderbijlpark, waar alle fotograwe welkom is. Klubaande is elke derde Vrydagaand van elke maand en begin om 18:30. Kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za vir meer besonderhede. Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.


"Teenage girl" deur Brenda Karsten.


"The struggle for the homeless" deur Brenda Karsten.


"Miracle" deur Rosie de Jager.


"Music is a way of living" deur Dricky Gouws.


"Polocrosse" deur Francois Roux.